# DIE DOPPER KERKE VAN SUID-AFRIKA

*'n Gereformeerde perspektief op die geskiedenis en huidige ontwikkelinge in die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika* [1]

deur S Le Cornu

## 1. Die Huidige Krisis in die GKSA

"Dit beteken dat ons tans by die grootste meningverskil van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in sy 144-jarige bestaan uitgekom het. Die meningsverskil is onweerlegbaar, maar ons bede is dat die Here ons van 'n skeuring sal bewaar."

Hierdie is 'n aanhaling van professor-emeritus JH van Wyk, huidige redakteur van *Die Kerkblad*, die amptelike kerkblad van die GKSA, in die Desember 2003 uitgawe. Hierdie oordeel is gemaak as gevolg van 'n aantal besluite wat geneem is op die Sinode van die GKSA in Januarie 2003. Hierdie besluite kan lei tot kerkskeuring indien dit die Here nie behaag om ons daarvan te spaar nie. Sommige van die opspraakwekkende aanbevelings en besluite wat geneem is, is as volg:

- Die siening dat die Sabbat nie 'n skeppingsinstelling is nie, maar eerder as iets wat ons nakom vanweë die voorbeeld wat die vroeë kerk en die Apostels aan ons gestel het;
- Die vryheid vir die gebruik van kelkies as gevolg van bepaalde redes, saam met die beker by die viering van die Nagmaal;
- Die verandering van die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis van "neergedaal het na die hel", na "wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het";
- Die oopmaak van die amp van diaken vir vroue; en
- Die aanvaarding van die Cloeteberyming (2001) met nie-messiaanse strekkinge, om gebruik te word naas die Totiusberyming (1936).

Dit was veral die laaste twee besluite wat onrus in plaaslike gemeentes veroorsaak het. Baie plaaslike gemeentes was nie bereid om die bogenoemde besluite te aanvaar en te implimenteer nie, terwyl ander 'n neutrale posisie ingeneem het, waar hulle nie die besluite aanvaar of verwerp nie, maar wag vir verdere verwikkelinge. Sommige gemeentes het oop briewe aan al die ander gemeentes gestuur, waarin hulle openlik die laaste twee besluite verwerp het as teen die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en die Kerkorde. Een gemeente het amptelik aangekondig dat hulle dolleer, en dat hulle van nou af bekend staan as "Die Gereformeerde Kerk van Waterberg (Dolerend)". Die tekens van kerkskeuring was die duidelikste sigbaar toe daar in Oktober 2003 twee verskillende vergaderings in Pretoria gehou is.

Een vergadering van Doppers het die Here gedank en geprys vir die nuwe psalmboek (wat die nuwe 2001 beryming van die Psalms bevat), terwyl die ander vergadering die nuwe beryming bevraagteken en verwerp het, en die deformasie van die GKSA voor die Here betreur het. Dit – so is aangevoer – is die gevolg van 'n verandering in ons beskouing van God, die Bybel en die Kerk. In November 2003, toe die streeksinodes van die GKSA in sitting was, is daar nie positief gereageer op die oproep van beswaarde lidmate en gemeentes vir die afkondig van 'n spesiale sinode nie. Die doel van so 'n spesiale sinode sou wees om die verskille in die kerkverband aan te spreek.

Om die huidige krisis in die GKSA beter te verstaan, moet ons teruggaan in die geskiedenis – al die pad tot terug na 1652.

## 2. Die historiese agtergrond

*a. 1652 – 1800*

Die Katolieke Portugese het reeds die Kaap ontdek aan die begin van die vyftiende eeu, maar deur God se soewereine en genadige beskikking het hulle hul nie daar gevestig met hulle Rooms Katolieke geloof nie. Die gereformeerde geloof in Suid Afrika, het sy historiese oorsprong by die Nederlandse setlaars, op 6 April in die jaar 1652 van ons Here Jesus Christus.

Jan van Riebeeck, as verteenwoordiger van die Verenigde Oos Indiese Companje (VOC), het voet aan wal gesit in die skadu's van Tafelberg, om 'n halfwegstasie te vestig vir die Nederlanse skepe wat van Europa na Asië en terug gevaar het. Die VOC is begin deur toegewyde Calviniste, 'n produk van die Verenigde Provinsies se oorlog teen die Katolieke Spanje, in hul geveg vir vryheid van aanbidding. In hulle soeke na aanbiddingsvryheid, deur 'aggresiewe

---

[1] Hierdie artikel het oorspronklik in die *Standard Bearer* verskyn (kerklike tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*), vol. 80, nrs. 13, 14, 16 (April-Mei 2004, beskikbaar by www.prca.org). Dit is in Afrikaans vertaal deur Hannes van Heerden. Die skrywer het die terugvoer wat hy ontvang het in hierdie Afrikaanse uitgawe verwerk, waar dit nodig geag is.

kommersiële uitbreiding' – met geweld as dit moet - was die Nederlanders "bent on the destruction of Spanish power".[2]

Dit sou die Nederlanders wees wat hulle eerste aan die Kaap sou vestig. Hulle het ook die geloof van die Nederlandse reformasie saamgebring: die Statevertaling, die Psalmboek en die Drie Formuliere van Eenheid, soos opgestel by die Sinode van Dordt 1618/19. Net voor die landing aan die Kaap, het Jan van Riebeeck die amptelike gebed gebid vir die sukses van hulle missie, wat onder andere die volgende belangrike woorde insluit: "… Ons is hier om die wet te handhaaf, en, indien moontlik, U ware gereformeerde Christelike Leer hier te plant en te versprei ..."[3]

Die Nederlandse Calviniste is versterk deur die aankoms van die Duitse setlaars in die 1660's en die Franse Hugenote in 1688.[4] Gedurende die eerste 13 jaar was daar geen opgeleide predikante nie, maar slegs bekwame lekepredikers (genoem sieketroosters) wat die Gereformeerde Kerk aan die Kaap gedien het. Die eerste permanente predikant was Johan van Arckel in 1665. Teen die einde van die sestiende eeu het die mense begin om hulle verder binnelands te vestig. Hulle het bekend gestaan as die vryburgers en dit sou later blyk dat hierdie beweging tot versterking van die gereformeerde geloof gedien het. Vanuit hierdie mense groei 'n onafhanklike volk wat later bekend sou staan as die Boere en nog later as Afrikaners. Hulle was oor die algemeen godsvresende, hardwerkende mense, wat 'n hoë prioriteit geplaas het op huisgodsdiens rondom die Statevertaling, die Psalmboek en die Drie Formuliere van Eenheid. Dit was nie altyd maklik om kerk toe te gaan nie, weens die afstande en die gevare om te reis. Gemeentes is geplant in Stellenbosch (1687), Drakenstein (1691), Roodezand (1743), Zwartland (1744), ens. Vir die volgende twee eeue het gereformeerde gelowiges 'een kerkverband' gehad wat sy eenheid gevind het in die Skrif, die gereformeerde belydenisskrifte en die liturgie, soos dit bepaal is deur die Kerkorde van Dordt in 1618/19.

Twee faktore moet genoem word wat 'n negatiewe invloed gehad het op die ontwikkeling van die Gereformeerde Kerk aan die Kaap.[5] *Eerstens,* die Gereformeerde Kerke van die Kaap het onder die Klassis van Amsterdam geval volgens artikel 29 van die Kerkorde, en gedurende die eerste 150 jaar het hierdie klassis die kerklewe in Suid Afrika georden vanuit Nederland. Dit het 'n negatiewe effek gehad op die onafhanklike ontwikkeling van die kerke en sou ernstige gevolge hê aan die begin van die 19e eeu. *Tweedens*, in die Kaap het die Staat ook oor die Kerk regeer wat beteken het dat die Dordtse Kerkorde nie ten volle tot sy reg kon kom nie. Die Kerk in die Kaap was nie 'n vry kerk nie, maar 'n staatskerk, in feite 'n 'departement van die staat', wat ook rampspoedige gevolge sou hê aan die begin van die 19e eeu. Dit is belangrik om hier ook te let op 'n feit wat later sal help om die kerkskeuring van 1859 te verstaan:

> Dus, vir die meerderheid van die Nederlandse kolonialistiese periode in Suid-Afrika, is Dathenus se Psalms gesing ... Geen groot verandering in kerkmusiek het plaasgevind in Suid-Afrika tot en met 1814 nie, *toe gesange bygevoeg is*.[6]

Teen die einde van die 18e eeu, was daar 'n groeiende deformasie in die kerke wat ooreengestem het met die deformasie wat in die susterkerke in Nederland aan die gang was. Die invloed van die Cartesiese filosofie op die moderne wetenskap, die humanistiese gees van die Franse Rewolusie en die groeiende rasionalistiese liberalisme het gelei tot 'n piëtisties – mistiese reaksie van die die kerke as reaksie daarop.[7] Dit, saam met die Evangeliese gesange wat in die Kaap aangekom het, het aan die Gereformeerde Kerk van die Kaap sy doodsteek gegee – ten minste vir 'n tyd. Tydens hierdie tydperk, omtrent aan die einde van die 18e eeu en die eerste helfte van die 19e eeu, het gereformeerde gelowiges al meer bekommerd geraak oor die geestelike toestand van die kerke, veral oor die leer van sommige predikers. Al was hulle toegewyde lesers van die Bybel, het hulle ook die 'oude schrijvers' van die Nederlandse tweede Reformasie gelees, wat skrywers insluit soos a'Brakel, Smytegelt and d'Outrein, wat hulle geleer het van die sondeval van die mens, sy onvermoë om goed te doen, "die predestinerende genade van God en die absolute soewereiniteit van God."[8]

Die Kaapse Kerk het al meer wêrelds geword en daarteenoor het die Boere Calviniste in die kerke in die binneland– deur God se genade – vromer geword. Dit sou lei tot 'n antitetiese botsing. Die groot omwenteling

---

[2] C.R. Boxer, *The Dutch Seaborne Empire 1600-1800* (London: Penguin, 1990 [1965]), p.xxii.
[3] J.D. Vorster, *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie* (Potchefstroom: Pro Rege, 1956), p.12.
[4] J.W. Hofmeyr & Gerald J. Pillay (ed.), *A History of Christianity in South Africa, volume 1* (Pretoria: HAUM, 1994), p.11
[5] V.E. d'Assonville, *Kerkgeskiedenis in 30 lesse* (Potchefstroom: Marnix, 1990), p.74.
[6] J.N. Gerstner*, The Thousand Generation Covenant* (Leiden: EJ Brill, 1991), p.43. Kursief bygevoeg – red.
[7] Sien T.N. Hanekom, *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika: 'n Kerkhistoriese Studie* (Stellenbosch: CSV Boekhandel, 1951).
[8] J.W. Hofmeyr & Gerald J. Pillay (ed.), *ibid.*, p.12. Vir 'n baie goeie oorsig oor die teologiese ontwikkeling aan die Kaap, sien die belangrike artikel deur A.W.G. Raath, *Volk en Verbond*, in Van Niekerk, E.J & Hayes, H.J. *Reformerend die Millenium in: Ons Calvinistiese Erfenis en Roeping* (Bloemfontein: VCHO, 2002), p.17-83.

sou kom in die eerste helfte van die 19e eeu, toe die een Gereformeerde Kerk van Suid Afrika sou verdeel in drie onafhanklike kerkverbande: die Nederduits Gereformeerde Kerk (1843), die Nederduits Hervormde Kerk (1853), en die Gereformeerde Kerk (1859).

*b. 1800 - 1859*

Die Gereformeerde Kerk in Nederland was 'n staatskerk, wat beteken het dat die Dordtse Kerkorde nie effektief geïmplimenteer kon word nie. Met die uitbreek van die Franse Rewolusie, het Nederland, in beide staat en kerk, meer liberaal en rasionalisties geword. Die gesag van die Bybel en die belydenisskrifte is verwerp en in 1816 het Koning Willem van Oranje 'n kerkregulament opgestel vir gebruik in die Nederlandse Staatskerk. Die Dordtse Kerkorde is afgewys en die naam van die kerk is verander na die Hervormde kerk. Vanweë die onbybelse kerkregeringsvorm, het liberalisme in leer en prediking die kerke ingestroom. 'n Sterk reaksie daarteen het gekom in die vorm van 'n beweging met die naam Revéil (Ontwaking/Herlewing), met leiers soos Bilderdyk, Da Costa en Groen van Prinsterer, wat die grondslag gelê het vir die reformasie in die kerke in Nederland in die 19e eeu.

Die groot reformasie, waarna verwys is as die Afskeiding, het gekom onder die leiding van Ds. H. de Cock van Ulrum, wat onomwonde en vurig gepreek het teen die Liberalisme in die kerk en ook teen die evangeliese gesange wat in die kerke ingebring is in 1807.[9] Toe die Hervormde Kerk hom wou verwyder, het hy en andere die "Afgeskeie Christelike Gereformeerde Kerk" gevorm. Dit was hierdie kerke wat op hulle sinode van 1857 besluit het om Ds. Dirk Postma na Suid Afrika te stuur om die kerksituasie te gaan ondersoek. Meer oor hom later. Laat ons terugkeer na Suid Afrika.

In 1795, na omtrent 150 jaar van Nederlandse besetting, het die Kaap in die hande van die Engelse geval. Volgens die Vrede van Amiens (tussen Frankryk en Engeland), is egter besluit dat die Kaap teruggegee moet word aan Nederland onder die goewerneurskap van Jansens en De Mist, in 1803. Hierdie manne was die verpersoonliking van die Franse Rewolusie. In 1804 het De Mist 'n nuwe kerkorde ingestel, wat getuig het van sy liberalisme. Dele van die inhoud daarvan is as volg: alle kerke is gelyk; die kerk moet help om goeie burgers te vorm; die naam van die kerk is verander na die 'Hervormde Kerkgenootskap' (wat beteken het dat die kerk 'n oop organisasie was wat afhanklik was van die vrye wil van die mens of hy daarvan wil deel wees of nie = humanistiese arminianisme); die dokument het nie die Here se Naam gebruik nie, maar praat van 'n 'Hoër Wese'; staatsopvoeding is ingebring en die rol van ouers en die kerk is ondermyn; die sinode het die hoogste gesag geword en die kerk het geval onder die regering van die staatsowerheid.

Hierdeur is die Gereformeerde Beginsel (soos aanvaar in die Drie Formuliere van Eenheid by die Sindode van Dordt, 1618/19) laat vaar en daarom kan ons praat van 1804 as die sterfjaar van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika.[10]

Die kerk in die Kaap was nie langer 'n gereformeerde kerk nie, maar 'n deformerende kerk, waarin weinig protes gehoor is. Omdat die Gereformeerde Kerk nooit toegelaat is om 'n onafhanklike kerk te word in Suid Afrika nie vanweë staatsinmenging en omdat die Klassis van Amsterdam dit nooit wou toelaat nie, kon die kerk nie die aanslag van De Mist die hoof bied nie. In 1806 het die Kaap weereens geval onder die bewind van die Britse Ryk. Die Engelse het nie net die winde van die europese rewolusie nie maar ook 'n vreemde kultuur met hul saamgebring. Kontak tussen die kerk in die Kaap en die kerk in Nederland het daardeur verminder.

Daar was 'n groot tekort aan predikante en goewerneur Somerset het ook hierdie slegte situasie gebruik om sy politieke doelwitte te bevorder: hy wou die kerk aan die Kaap verengels deur die inbring van Engelse predikante en sendelinge om die Nederlandssprekende bevolking te dien. Die skole is ook verengels. Die probleem met die nuwe Engelse en Skotse predikante, was nie net die taal en kulturele hindernis nie, maar veral die nuwe gees wat hulle met hulle saamgebring het – die van die Metodisme – iets wat vreemd was vir die gereformeerde gelowiges wat gevoed is deur die aantekeninge by die Statevertaling en die gereformeerde belydenisskrifte.[11] Hierdie gelowiges het die nuwe leer en prediking, wat leer dat die mens sy eie wil tot redding het verwerp, en het die suiwer leer van die uitverkiesing of predestinasie gemis.[12]

---

[9] Die titel van sy bekende strydgeskrif teen die Gesange was: "De zoogenaamde Evangelische Gezangen, de oogappel der vervoerde en verleide menigte in de Sijnodaal Hervormde Kerk, ja zelfs nog van sommige van Gods kinderen uit blindheid, en om dat zij dronken geworden zijn door den wijn door den wijner harer hoererijen, nader nog getoetst, gewogen en te ligt bevonden, ja strijdig met al onze fromulieren van éénheid en Gods Woord (Mei 1835)", Hendrik de Cock, *Verzamelde Werken*, deel II (Houten: Den Hertog, B.V., 1986), p.129-174.

[10] W.J. de Klerk & J.H. van Wyk, *Woord en Antwoord* (Potchefstroom: Pro Rege, 1977), p.144.

[11] Vir die ontwikkeling van die liberale invloed aan die Kaap, sien T.N. Hanekom, *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika: 'n Kerkhistoriese Studie* (Stellenbosch: CSV Boekhandel, 1951).

[12] G.C.P. van der Vyver, *Professor Dirk Postma 1818 – 1890* (Potchefstroom: Pro Rege, 1958), p.291, 292.

Die eerste amptelike Sinode in Suid Afrika is gehou in 1824, toe onder De Mist se Kerkorde die *Reglement van die Nederlandse Kerkgenootskap* van Willem I van 1816 aanvaar is. Dit was die finale aanslag teen die Dordtse Kerkorde. Kollegialisme was nou die amptelike vorm van kerkregering in Suid Afrika. Hierdie Sinode het ook nagelaat om die Evangeliese Gesange te toets, die nuwe Gesangeboek wat reeds in die kerke in gebruik geneem is in 1814.[13]

Hierdie gesange het die gees van Rasionalisme en Verligting verkondig, wat 'n algemene genade aan alle mense aangekondig het, dit was "loutere Pelagiaanse humanisme; die mens moet maar net sy plig doen dan sal die 'licht' eenmaal vir hom opgaan"; (dit het) 'een Roomse Leer' bevorder; "den Gezangbundel krachtig heeft medegewerkt tot heerschappij van het Liberalisme en dientengevolge tot het verval van onze Kerk."[14]

Daarom kan ons sê dat as "die Kerkorde van De Mist die dood van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika was, dan was die Sinode van 1824 die begrafnis daarvan."[15]

Van die dag wat die Gesangeboek, die produk van kerklike deformasie,[16] in gebruik geneem is, was daar 'n groot stryd daarteen gevoer in die kerke in die Kaap en later ook in die Vrystaat en Transvaal (die onafhanklike Boererepublieke in die tweede helfte van die 19e eeu). Hierdie republieke het tot stand gekom nadat die Groot Trek plaasgevind het, omdat baie van die burgers van die Kaap besluit het om na die binneland te trek om 'n nuwe land te begin onder hulle eie regering – vry van Britse oorheersing en plaasaanvalle vanuit die Oosgrens.

*c. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1843)*

In 1843 is 'n verdere sinode gehou wat die kerkorde van De Mist ter syde gestel het en sekere veranderinge aangebring het aan die Kerkwet van 1824. Die naam is verander van die 'Hervormde Kerkgenootskap', na die 'Nederduitse Gereformeerde Kerk-genootskap' (NGK), en so het die NGK amptelik tot stand gekom. Ongelukkig is daar nie teruggekeer na die Dordtse Kerkorde nie en die predikante is steeds opgelei by die liberale kweekskole van die Hervormde Kerk in Nederland. Die liberale predikante in die Kaap het nie geglo aan die Drie-Eenheid, die onfeilbaarheid van die Skrif, wonderwerke, die Godheid van Christus nie, ens. Een van hulle het selfs gesê dat hy nie vraag en antwoord 60 van die Heidelbergse Kategismes aanvaar nie.[17] Die reaksie teen die rasionalisme het gekom in die vorm van die Metodisme wat die klem geplaas het op die mens en sy gevoelens: herlewingsdienste, gesange, gebede dat die Heilige Gees weer uitgestort moes word en so aan. Maar dit was steeds nie die gereformeerde antwoord op die mense se sonde en tirannie nie. Gereformeerde gelowiges het steeds gehoop en gebid vir ware bybelse reformasie binne die kerke van Suid Afrika.

*d. Die Nederduits Hervormde Kerk (1853)*

Soos hierbo genoem, het die Groot Trek plaasgevind vanaf 1836 tot 1838, toe duisende burgers besluit het om die Kaap te verlaat met hulle gesinne en al hulle besittings. Hulle het verder noord die onbekende binne getrek, om 'n nuwe lewe te begin as 'n vrye volk onder God. Die Kaapse Sindode van 1837 het hulle beskuldig van rebellie, en daarom is geen amptelike predikante gestuur om onder hulle te werk nie.

As 'n direkte gevolg van die Groot Trek, het twee onafhanklike republieke tot stand gekom onder Afrikaner bewind: die Oranje Vrystaat en Transvaal. Toe die predikante van die NG Kerk begin om onder die mense in die republieke te werk, was die mense bang dat die Kaapse Kerk sou probeer om hulle weer onder Britse bewind terug te bring. Daarom is Ds. Dirk van der Hoff, 'n proponent van die Nederlandse Hervormde Kerk, beroep as predikant en die Nederduits Hervormde Kerk is gevorm in 1853 as die staatskerk van Transvaal. Hoewel dit verstaan kan word vanuit hulle situasie, was dit ongelukkig meer van 'n politieke besluit as 'n kerk reformasie in die Bybelse sin van die woord. Die NGK en die NHK was basies een in leer, liturgie en kerkorde. Hulle het meer oor die politiek

[13] "Op Sondag 9 Januarie 1814 is die eerste gesang gesing op Suid Afrikaanse bodem – Rhijnvis Feith's 'Zingt. Zingt blij te moe'. Op Sondag 28 Oktober 2001 sal 'n wonderlike groep nuwe gesange (altesaam 602 van hulle! – SLC) gehoor word in Suid Afrika" – Redaksie van die nuwe liedboek: 'Die Liedboek van die Kerk' van die NGK en die NHK, Maart 2001.

[14] G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.16.

[15] L.S. Kruger, *Waarom is u Lid van die Gereformeerde Kerk?* (Pretoria: Craft Drukpers, 1957), p.40.

[16] "Ja, die geskiedenis het meer om te bewys. Haar onwraakbare getuienis is dat geen kerk streng gereformeerd gebly het, wat die gesange gebruik het nie. Daar was steeds 'n wisselwerking. Die losheid in de leer roep om die gesange, en die gesange roep om die losheid van die leer" Totius en Cachet, *Waarom sing die Gereformeerde Kerk alleen die Psalms?*

[17] Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God ?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dat met 'n gelowige hart aanneem.

verskil as oor die leer (wat omtrent nog steeds die situasie vandag is). Die gereformeerdes het dus nogsteeds gewag vir ware bybelse reformasie in die kerke van Suid Afrika.

*e. Die Doppers*

Die naam Dopper is die nie-amptelike noemnaam vir mense van die *Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika* (GKSA), vandag nog. Hierdie naam is gegee aan 'n groep gelowiges wat bestaan het lank voor die Gereformeerde kerk hervestig is in 1859. Die oorsprong van die naam is onseker, maar die volgende voorstelle lyk na die mees waarskynlike:

- 'domper' ('n instrument wat gebruik is om 'n kers uit te doof).[18]
- Die Doppers is daarvan beskuldig dat hulle die 'nuwe lig' van die nuwe tyd in die Kaap uitdoof. Die Doppers self sien dit, inderdaad, as hulle roeping![19]

Hierdie was gewone plaas en dorpsmense wat daagliks aanbid, geleef en werk het onder die onderrig van die Statenvertaling en die gereformeerde belydenisskrifte op 'n daaglikse basis, soos dit tot stand gekom het by die Sinode van Dordt, 1618-19. Hulle het meestal in die buitewyke van die Kaapkolonie gewoon, naby die Oranjerivier, op die grense. Hulle het met drif die 'nuwe lig' van teologiese liberalisme en emosionele metodisme verwerp. Hierdie was geen rewolusionêre mense nie, want vir baie jare, selfs dekades – tydens die eerste helfte van die 19e eeu – het hulle gebid en gewerk vir reformasie in die kerke. Hulle was geduldig, maar aan die einde moes hulle meer gehoorsaam wees aan God as aan die mens en is met geen ander keuse gelaat as die hervestiging in 1859 van die Gereformeerde Kerk van 1652 nie.

Die hele stryd teen humanisme en liberalisme, het sy klimaks bereik in die stryd oor wat gesing moet word in die kerke tot God se eer? Die stryd vir die ware leer en kerkregering het die duidelikste na vore gekom in die stryd tussen Psalms en evangeliese gesange. Soos voorheen vermeld, is die gesange in 1814 in gebruik geneem in die kerke in Suid Afrika sonder enige toetsing daarvan of 'n besluit van die kerk. In 1833 in Cradock is daar stemme van protes gehoor teen die gesange en die ring van Graaf Reinet het eerste bloed getrek toe hulle in 'n sogenaamde 'predikantsbrief' die pro-psalm gelowiges beskuldig van kettery, dat hulle die liggaam van Christus deurboor en dat hulle hul skuldig maak aan kerkskeuring omdat hulle nie gesange wil sing nie. Die ring het gesê dat die gesange aanvaarbaar was ... omdat die predikante so gesê het! (wat natuurlik vandag nog 'n probleem is, aangesien ons mense en menslike versinsels wil volg, en nie die Woord alleen nie).[20] Die jare en dekades daarna, was jare van groot stryd oor die belydenisskrifte en kerkregering.

Die Doppers wou 'n kerk hê wat regeer word volgens Skrif, soos verwoord deur die sinode van Dordt, 1618/19. In 1858 het SJ Kruger, P Venter en JJ Venter, as leiers van die beswaarde lidmate van die NHK probeer om die NHK te oortuig om 'n predikant vir hulle te beroep vanaf Nederland wat nie gesange sing nie. Die NHK van Rustenburg het daarvoor toestemming gegee. Intussen, sonder dat hulle van mekaar geweet het, het die *Christelike Gereformeerde Kerk van die Nederland* besluit om vir Ds. Dirk Postma te stuur om die situasie in Suid Afrika te ondersoek en om hulp aan te bied aan die Transvaalse regering deur middel van predikante en onderwysers. Toe die Transvaalse regering hiervan te hore kom, het hulle die besorgde lidmate van Rustenburg in kennis gestel dat, as Postma aan hulle vereistes voldoen, hulle hom kon beroep as hulle predikant.

*f. Die Gereformeerde Kerk (1859)*

Dirk Postma is gebore in 1818 in Dokkum, Nederland. In 1840 word hy die predikant van die Christelike Gereformeerde Kerk van Minnertsga en 'n leiersfiguur in die kerk. Met sy aankoms in die Transvaal, het hy en Ds. van der Hoff van die NHK aan die begin 'n goeie verhouding gehad. By die Algemene Kerkvergadering van 10 Januarie 1859, is Postma se leer ondersoek en was die Vergadering tevrede. Hierdie vergadering het ook besluit dat evangeliese gesange behou moes word in die NHK. Net soos die geval van die Ring van Graaf Reinet (1841) en die Kaapse Sinode (1847), was dit 'n gewetensbinding, omdat hulle die beswaarde lidmate wou dwing om gesange te sing. Die betrokke lidmate het geen keuse gehad nie, maar moes buig voor God of voor die mens. Daarom is 15 mans, wat manne ingesluit het soos PJW Schutte, PH Snyman, SJ Kruger en Paul Kruger (wat later die bekende Staatspresident sou word van die Zuid Afrikaanse Republiek) as gevolg van die besluit, gedwing om die NHK te verlaat om die 'Vrye Gereformeerde Kerk' te vorm, volgens die leer, diens en dissipline van die Dordtse Sinode, 1618/19.

Deur hierdie optrede, is die Gereformeerde Kerk hervestig op 11 Februarie 1859, op die basis van die belydenisskrifte en kerkorde van Dordt, 1618/19, met Ds. Dirk Postma as eerste leraar. Dit was die vrug van dekadelange stryd teen die valse leer, diens en tug wat in die kerke opgeneem is deur die humanistiese gees van

[18] B. Spoelstra, *Die 'Doppers' in Suid-Afrika, 1760 - 1899* (Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk., 1963), p.16.
[19] V.E. d'Assonville, *ibid.*, p.88.
[20] V.E. d'Assonville, *ibid.*, p.89.

die verligtingseeu, en die mistiese metodisme wat die reaksie daarop was. Volgens Postma, kon die gereformeerdes, na die hervestiging, "... God weer te 'kunnen dienen naar zijn Woord', Gods Woord as die finale gesagsbron, kenbron en toetssteen vir die kerk in al sy geledinge, leer, kerkregering, liturgie en lewe, mog nie 'te loor gaat' nie; inteendeel 'Gods Woord boven alles volgens art. 7 onzer belijdenis'[21] moet die heersende beginsel in die Kerk van die Here wees en nie 'eigen goeddunken'[22] nie. Aan die tug van daardie Woord moet die kerk van Christus hom in leer en lewe onderwerp."[23]

Een van die eerste lidmate, HJJ Kruger, het dit as volg gestel:

> Na 'n lange stryd, waarvan die spore soos aangetoon is, duidelik sigbaar is tot in die dertiger jare, na jare van verset teen valse leer gekoester binne die mure van die kerk, na jare van versugting 'omdat de kerk de gewetens dwingen wil tot aanneming van menschlijke instellingen en leeringen strijdig met God's Woord', het die uitkoms eindelik gekom.[24]

Die verwerping van die Woord van God, die belydisskrifte en die kerkorde van Dordt, die deformasie in leer, liturgie en kerklike tug, veral met betrekking tot die gesange, kon nie anders as om die kerk tot skeuring te lei nie, wat eintlik 'n kerk reformasie was, deur die soewereine en genadige beskikking van God.

Dit is hoe dit gekom het dat van die Gereformeerde Kerk in die Kaap, drie kerkverbande vir die Afrikaners onstaan het, waarvan die GKSA die voorsetting is van die oorspronklike Gereformeerde Kerk van die Kaap, gevestig in 1662. Selfs vandag nog bestaan hierdie drie verskillende kerkverbande naas mekaar, met 'n aantal kleiner skeurings wat plaasgevind sedert hulle ontstaan.

Die GKSA het vinnig gegroei oor die volgende 100 jaar of meer, geseën deur God op vele maniere, selfs deur die slegste tye in die geskiedenis van Suid Afrika.[25] In 1869 is die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk gestig, en vanuit hierdie teologiese skool het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) ontstaan, min of meer op dieselfde model as die destydse Vrye Universiteit van Amsterdam, wat deur Abraham Kuyper en andere begin is. Een van die mees invloedryke persone in die geskiedenis, nie net van die GKSA, maar van die Afrikanervolk en die gereformeerde kerke in Suid Afrika, was Prof. Dr JD Du Toit (1877-1953), beter bekend as Totius.

Totius, wat baie beïnvloed en gevorm was deur Kuyper, was die eerste Afrikaner wat sy doktoraal ontvang het by die Vrye Universiteit oor die onderwerp *Het Methodisme*. Hy het die verpersoonliking geword van die Dopper gereformeerde geloof en kultuur in SA in die 20ste eeu, saam met die Calvinistiese president, Paul Kruger (1825-1904), wat die beste politieke leier was wat die Afrikaners ooit gehad het. Totius sou ook die leidende teoloog en digter van hierdie tyd word wat die Bybel help vertaal het in Afrikaans (1933), en ook die beryming van die Psalmboek in Afrikaans (1936). Nog 'n Dopper gereformeerde leiersfiguur, wat groot invloed gehad het op die GKSA, veral op die gebied van opvoeding en filosofie, was Prof. Dr HG Stoker.

Om die gereformeerde lewens en wêreldbeskouing van die Afrikaner van die 19e en 20ste eeue te verstaan, moet 'n mens hierdie drie manne van God beter verstaan: teoloog, staatsman en filosoof tot eer van God, hier in Afrika. Hierdie manne, Totius en Stoker, saam met ander calvinistiese leiers in Suid Afrika soos JD Kestell, FJM Potgieter, EE van Rooyen, BB Keet, LJ Du Plessis, JD Vorster, ens., was ook deel van 'n groter calvinistiese beweging wêrelwyd gedurende die middel twintigste eeu. Drie volumes is gepubliseer onder die titel "Koers in die Krisis", wat artikels bevat deur calviniste van oor die hele wêreld, wat allerlei teologiese, historiese, kerk en kultuur onderwerpe hanteer vanuit 'n gereformeerde perspektief.[26] Calvinisme het dus 'n groot invloed en impak gehad op die Suid Afrikaanse samelewing vanaf omtrent die 1930's tot die 1970's.

### 3. Was dit geregverdig?

Voordat ons die huidige krisis soos genoem in die inleiding, probeer verstaan, moet ons een baie belangrike vraag beantwoord: was die skeuring van 1859 geregverdig op bybelse, belydenis en kerkorde beginsels? Sonder enige twyfel is die antwoord: Ja. Om hierdie aanspraak te ondersteun, wil ek begin met 'n aanhaling van Calvyn:

---

[21] Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

[22] Vraag 91: Wat is goeie werke ?
Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.

[23] G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.307

[24] G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.294.

[25] Die GKSA het gegroei van een gemeente met ongeveer 300 lidmate in 1859, tot 295 gemeentes met meer as 97 000 lidmate in 2004.

[26] *Koers in die Krisis*, vol.1-3 (Stellenbosch: Pro-Ecclesia-Drukkery, 1935-1941).

As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee nie alleen die belangrikste plek het nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens saamvat, naamlik 'n kennis, *eerstens* van die manier waarop God reg vereer moet word; en, *tweedens*, van die bron waarvandaan verlossing gekry moet word. As ons hierdie twee dinge nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos ... "[27]

Vir Calvyn staan, volgens die Skrif, die manier waarop ons God dien in die *erediens* en die leer oor hoe ons saligheid verkry, sentraal tot die Christelike geloof. Nie net een nie maar albei sake. Dit leer ons ook in ons gereformeerde belydenisskrifte:

"Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word (*die tweede punt by Calvyn* – SLC). Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word (*die eerste punt by Calvyn* – SLC), daarin uitvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie—ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal.1:8,9). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut.12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemaal volmaak en in alle opsigte volkome is. ..."[28]

Daarom sal die ware gereformeerde kerk wêreldwyd, die absolute soewereiniteit van God in ons redding én erediens (aanbidding) aan Hom bely, gehoorsaam aan God se Woord (Eks.20:1-6). Net soos God soewerein is in verkiesing en regverdigmaking, so moet Hy wees in ons liturgie en erediens. Sy Woord deur sy Gees, en nie die versinels of goeddunke van mense nie, moet ons diens aan Hom regeer (Joh.4:23,24). Dit bely ons ook in artikel 32 van die Belgiese Belydenis:

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. *En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wou invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.* Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

en in die Heidelbergse Kategismus:

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod? Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (Deut.4:15-19; Jes.40:18,25; Rom.1:22-24; Ha.17:29), **en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie** (I Sam.15:23; Deut.4:23-24; 12:30-32; Matt.15:9; Joh.4:24).

Die rede vir hierdie klem op die erediens, is omdat die meeste gereformeerde kerke vandag vergeet het van hierdie belangrike aspek van die gereformeerde geloof. Dikwels word net die redding deur genade alleen voorgehou as wesenlik belangrik, maar Calvyn in lyn met die Skrif, sê dat beide wesenlik belangrik is.[29] As die kerke beweer dat God nie soewerein is in sy Genadeverbond nie, dan sal hul dit ook beweer dat Hy nie soewerein is in sy wet vir die erediens nie. Daarteenoor het Jesus Christus gekom om ons te red van die sonde van afgodery en valse godsdiens, om Hom te dien in Gees en in Waarheid (Joh. 4:24), in ooreenstemming met "alles wat Ek julle beveel het" (Mat.28:19).

Die was presies hierdie twee sake, die leer van verlossing en die suiwer erediens, wat bewustelik of onbewustelik op die spel was vir die Dopper gereformeerdes in 1859. **In die afvallige kerke van die Kaap, en later in die Vrystaat en die Transvaal, was die leer van die soewereine beskikking van God, sy soewereine genade en uitverkiesing, sy suiwer Evangelie; én God se soewereine reg om aanbid te word soos wat Hy beveel (en nie volgens die emosionalisme van die metodisme nie), in gedrang.** Beide leringe, redding en die erediens, was die meeste aangeval deur die ingebruikneming van die sogenaamde evangeliese Gesange.

---

[27] *Tracts relating to the Reformation by John Calvin*, vertaal deur Henry Beveridge, vol.I (Edinburgh: T&T Clark), p.116.
[28] NGB artikel 7.
[29] Sien sy kommentaar op Lev.10:1; 22:32; Num.15:39; Deut.4:1; 12:32; 2 Sam.6:6-12; Is.29:14; Jer.7:21-24; 7:31; 19:4,5; 26:2; Mat.15:1,9; Kol.2:22,23. Sien sy *Institutie*: I.XII.I; I.XII.3; II.VII.5; II.VIII.17; IV.X.1,8-11,16-18,23,24,26.

Die tweede professor van die GKSA se teologiese skool, Prof. Jan-Lion Cachet, verduidelik die belangrikheid van die kerklike sang as volg, soos verduidelik deur van der Vyver:

> Die kerksang in 'n erediens is beslis nie maar 'n kleinigheid of 'n middelmatige saak nie. 'Het is gansch geene bijzaak. Juist het tegenovergestelde.'**Die gemeenskaplike sang dien by uitnemendheid tot verheerliking van God.** Dit is 'n gemeenskaplike bede en danksegging tot God. Dit is die stem van die gemeente waarin hy uitdrukking gee aan sy diepste gevoel. 'Zooals men zingt zoo gelooft men. Doordat wij ze van onze jeugd af aan hooren, worden die uitdrukkingen ons eigen, en als dus verkeerde leer in het kerkgezang gevonden wordt, dan kan het niet anders of <u>de leer</u> zal de gemeente als doordringen."[30]

Dit is hierdie laaste punt wat baie belangrik is vir die verstaan van die huidige krisis in die GKSA. Ons sal later hiernatoe terugkom.

**4. Hoekom het die Doppers die gesange verwerp?**

Dit is belangrik om hierdie vraag te beantwoord omdat latere historici hieroor verskil. Sommige historici antwoord eenvoudig dat die probleem nie was met Gesange as sodanig nie, maar net met die inhoud van sommige van die Gesange, die manier waarop dit in gebruik geneem is en die feit dat dit op die gemeentes afgeforseer is (gewetensbinding). Dus wou hulle die kerkskeuring verklein of vereenvoudig tot slegs 'n leerverskil, of tot 'n saak van kerkregering, en nie 'n kwessie oor die erediens as sodanig nie. Dit was in der waarheid 'n saak waarin *al drie aspekte* op die spel was. Dr GCP van der Vyver skryf:

> Dit is duidelik: hulle het gemeen die Gesange bring 'n valse Evangelie. … Uit die besluit van die Sinode 1847 van die Kaapse N.G. Kerk, is dit ook wel duidelik dat die besware nie net gegaan het teen die Gesang-bundel as sodanig in die erediens nie,[31] maar wel ook teen die leerstellige inhoud van sekere Gesange.[32] Die Sinode onderskei tweeerlei besware t.w. dat die beswaardes 'geweigerd hebben de Gezangen te zingen' wat dui op 'n beswaar teen Gesange as sodanig[33] en tweedens 'zoo zy omtrent het een of ander gezang eenige bedenking of zwarigheid mogen hebben' wat dui op die leerstellige besware teen sommige Gesange."[34]

Van der Vyver som die Doppers se besware op in die volgende paragraaf:

> "In die eerste plek het hulle uitgegaan van die standpunt dat die invoer van die Gesange gelykstelling was van 'n menslike geskrif met die geinspireerde Woord van God. Met 'n beroep op Art.7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou, waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging. Hulle het hulle verder vir die volmaaktheid en genoegsaamheid van die Skrif beroep op Deut.4:2: 'Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel,' en op Openb.22:19: 'En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.' Teen gelykstelling van 'n menslike geskrif met die Psalms wat uit die Woord van God was, daarvoor het hulle hulle beroep op Matt.15: 9 [35] in verband met die reeds aangehaalde Dt.4:2. Matt.15:9 lui: 'Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.' "[36]

---

[30] G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.203.

[31] Dit was o.a. die standpunte van Doppers soos SC Du Plessis, ouderling JD Du Plessis, S Kruger, ouderling P. Snyman, ens. (sien van der Vyver*, ibid.*, p.202 – 223). Van der Vyver skryf op 'n ander plek, waarin hy HJJ Kruger, uit die tyd van die stigting aanhaal: "Na 'n lange stryd, waarvan die spore soos aangetoon is, duidelik sigbaar is tot in die dertiger jare, na jare van verset teen valse leer gekoester binne die mure van die kerk, na jare van versugting 'omdat de kerk de gewetens dwingen wil tot aanneming van menschlijke instellingen en leeringen strijdig met God's Woord', het die uitkoms eindelik gekom." *ibid.*, p.294.

[32] Dit wil voorkom asof die tyd waarin die boek geskryf is, die outeur dit moes beklemtoon dat die Gesange verwerpe is nie net oor die feit dat Gesange opsigself deur die Doppers verwerp is o.g.v. Skrif en belydenis nie, maar dat daar ook inhoudelike redes was vir die verwerping van die Gesange. In vandag se tyd, en moontlik vir die toekoms, is dit weer belangrik om die klem daarop te lê dat die Gesange nie net verwerp is vir inhoudelike redes nie, maar ook en veral omdat Gesange nie beveel word deur die Skrif nie, soos die eerste geslag Doppers oortuig was en dit gehandhaaf het.

[33] O.a. JD Du Plessis, S. Kruger en P. Snyman het hierdie beswaar gehandhaaf, ibid., p.20

[34] G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.206.

[35] Matt.15:3, 9 (Mark.7:7) word by NGB 7 en 32 (en by HK, Sondag 35, oor die tweede gebod – die erediens) gebruik as skrifgetuienis.

[36] G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.204, 205.

Dit is dus duidelik dat die Doppers uitgegaan het vanuit 'n *sola scriptura* erediensbeskouing (ook bekend as die regulerende beginsel of die 'tweede gebod' beginsel in die erediens), in die voetstappe van die gereformeerde tradisie van Calvyn, Knox, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vaders van Dordt.

Selfs nadat die NHK besluit het om die sing van gesange nie bindend te maak op die kerke nie, het die GKSA steeds nie eenheid gesoek met hierdie staatskerk nie en ook nie met die NG Kerk nie, want hulle het geglo:

> Dat ons verschil geene eigenzinnigheid is, maar gewetens zaak, ons niet grondende op menschlijke inzettingen, mar op Gods Heilig Woord en het voorbeeld der welbeproefde Gerefomeerde Kerk van al oude dagen en den wensch dat ook wij alzoo God naar zijn Woord ongehinderd mogen dienen in dezen lande, al zijn wij dan de minderheid.[37]

'n Gereformeerde leraar van die GKSA, Ds. LS Kruger, het ook hierdie vraag gestel in sy bekende boek oor die GKSA, "Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?" Hy argumenteer dat as ons iets byvoeg tot die sing van Psalms, beskuldig ons die Woord van God dat dit onvolledig is en derhalwe verwerp ons die leer van artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.[38]

Maar die Gesange is ook gebruik om kettery in die kerk in te sing. Die gees van baie van die Gesange was liberaal, arminiaans en rooms. Die werklikheid het geleer dat as mens swak is in leer, lei dit uiteindelik tot 'n valse erediens. Die NG en NH kerke in die 19e eeu het op verskillende maniere die Dordtse Leerreëls verwerp, wat duidelik handel oor God se soewereiniteit in redding, deur die uitverkiesing en verwerping:

> Geen wonder dat die algemene versoeningsleer van menige Gesang nie as dwaling onderken en bestry is nie. In lyn hiermee is die leerstuk van die uitverkiesing deur sommige op die kansel van die Kaapse Kerk openlik verwerp en deur ander geheel en al verswyg.[39]

Hier wil ek graag na 'n gesprek verwys van daardie tyd tussen Gert Steenekamp, 'n Dopper Calvinist, en Ds. Taylor, 'n liberale leraar wat eersgenoemde as volg oorvertel:

> Ik sprak eens met hem over de Uitverkiezing. Hij antwoordde mij: Gij kunt uw eigen zaligheid uitwerken volgens Filip.2:12 'werkt uws zelfs zaligheid met vreze en beven.' Ja antwoordde ik, maar hoe gemaakt met 't volgend vers: 'Het is God, die in u werkt beide het willen en het werken, naar zijn welbehagen.' Het antwoord dat ik daarop kreeg was: 'Daarom kan ik met julle Doppers niet klaar komen.'[40]

Onder die Doppers was daar 'n groot dors na Calvinistiese prediking. Wat het hulle daarmee bedoel? Dit beteken dat hulle na prediking gesoek het in ooreenstemming met die leer van 'uitverkiesing en verwerping'.[41]

Dit was ook die tyd van die bekende prediker en onderwyser Ds. Andrew Murray, wie se boeke steeds gedruk en wêreldwyd gelees word. Ongelukkig was hy nie die konsekwente Calvinis wat baie gedink het hy was nie. Murray het gevoel dat die Dordtse leerreëls so geskryf is "om ruimte te laten voor het gevoelen dergenen, die uitdrukkelijk predikten dat Christus voor allen gestorven was, en dat God wel en zeer ernstig de zaligheid van allen wil.' "[42]

Dr. van der Vyver antwoord Murray se kettery in die volgende, belangrike aanhaling:

> Dat **die roeping** tot alle volkere uitgaan, en moet uitgaan, dit is korrek, **maar die genade in Christus word tog alleenlik bevestig aan die harte van 'de uitverkorenen.'** Murray het na ons oortuiging hiermee 'n growwe kettery onder die vaandel van die Dordtse Leerreëls laat vaar. Oor die algemeen kom Du Toit, t.o.v. die Skotse predikante tot die konklusie: 'De predestinasie is wel deur die Skotte aanvaar, maar is gewoonlik verswyg van die kansel' en dan voeg hy daarby dat die Skotte wel 'Calviniste' was. Om te beweer dat iemand 'Calvinis' is maar dat hy tog die uitverkiesing op die kansel verswyg, is natuurlik 'n *contradictio in*

---

37 G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.335.
38 "Die derde beswaar is dat dit strydig is met die Skrif en die egte Gereformeerde leer, want ons glo dat in die erediens alleen die geopenbaarde Woord van God gebruik mag word. En volgens Openb. 22: 18 mag ons nie daarby voeg nie. Wie nou 'n vrye lied wil inbring, gee daarmee te kenne dat ons die Skrifliedere as onvoldoende beskou en daarby wil aanvul. Nie alleen sondig ons daarmee teen die Woord van God nie maar ook teen God self deurdat ons daarmee te kenne wil gee dat die Psalms wat God in Sy Heilige Skrif daargestel het, onvoldoende is", *ibid.,* p.143.
39 G.C.P. van der Vyver, *ibid.*, p.284.
40 *Ibid.*, p.285.
41 *Ibid.*, p.285. Sien veral voetnota 528.
42 *Ibid.*, p.285.

*terminis*,[43] en is nie in lyn met Calvyn wat die predestinasie die *cor ecclesiae*[44] genoem het nie. Verswyging beteken eenvoudig versaking, en in sy diepste wese tersydesteliing van die hart van die gereformeerde belydenis.[45] Die Liberalisme het nie net in die prediking van die uitgesproke liberaliste in die Kaapse Kerk tot uiting gekom nie, maar in die vorm van belydenisversaking en verwerping, ook in die prediking van sogenaamde regsinnige predikante.[46]

Vandag kan ons sê dat daar baie evangeliese Calviniste is wat die *cor ecclesia,* verwerp en so ook die gereformeerde belydenisskrifte, deur dat hulle nie Romeine 9 preek nie. Dit bring ons by die 20e eeu, by vandag, die jaar 2004 van ons Here Jesus Christus.

Ongelukkig het die GKSA self in die 20e eeu, veral na die Tweede Wêreldoorlog, meer wêrelds en materialisties geword. Dit kan wees vanweë 'n gebrek aan 'n bybelse antitese (Gen.3:15; 2 Kor.6:14-7:1), en ook omdat daar 'n te noue band was tussen kerk en staat na 1948, toe die Afrikaners die politieke beheer in Suid Afrika oorgeneem het en gedurende die volgende paar jaar die veel gehate beleid van aparheid ingestel het.[47] Soos die Israeliete van ouds, wou die Afrikaner Calviniste ook meer soos die wêreld word, veral in die akademie en die teologie (1 Sam.8). Dit, saam met ander redes soos die verandering van regering in 1994 na 'n antichristelike ANC regering wat nie ten gunste is van 'Christelike Hoër Onderwys' nie, het uiteindelik gelei tot die ondergang van die enigste Christelike Universiteit van Suid-Afrika. Die PU vir CHO het amptelik gesterf in 2003, en is op die 31e Desember 2003 begrawe. Die naam van die nuwe universiteit in sy plek is die Noordwes Universiteit wat in bedryf is sedert 1 Januarie 2004. Volgens my oordeel, is die hoof rede daarvan nie polities nie, maar godsdienstig, naamlik verbondsongehoorsaamheid. Vir baie dekades was daar getroue gereformeerde gelowiges in al die Afrikaanse kerke wat geveg en gestry het vir die oorlewing van christelike privaat skole, waar verbondsonderrig, in gehoorsaamheid aan die doopformulier, aangebied kon word.

In die geskiedenis van die Afrikanervolk was dit nog altyd 'n klein minderheid – soos vandag – wat die opdrag ernstig opgeneem het. Selfs vandag nog, terwyl staatskole verbied word om eksklusief Christelik te wees, stuur die meeste ouers, wat aan die Afrikaanse gereformeerde kerke behoort, hulle kinders na hierdie humanisties georiënteerde skole.[48] Dit is die hartseer verhaal van die 20e eeu, en dit lyk nie of dit verander nie, al is daar hoeveel deformasie in die staatskole. Wat die situasie erger maak is dat baie van die privaat gereformeerde skole die humanistiese raamwerk van die 'Uitkomsgebasseerde Onderwys' gebruik, en na 'n doop met 'n christelike sousie dit aanbied as 'gereformeerde onderwys'.

Vir 'n al groter wordende groep Gereformeerde Dopperouers is en gereformeerde tuisonderwys die beste oplossing vir vandag se opvoedingsroeping. Gereformeerde tuisonderwys bring gesinne weer in kontak met mekaar en ook eendersgesinde tuisonderwys gesinne sodat die ernstige roeping van die doopsformulier gehoorsaam kan word. Hierdie ouers gehoorsaam ook die roeping om die seën van verbondskinders te ontvang en bid om ryklik geseën te word.[49] In hierdie sin is hulle trou aan die nalatenskap van die oorspronklike Doppers wat as gesinne en as kerklidmate, saamgekom het, gewerk het en geleef het rondom God se Woord en die Belydenisskrifte, deur antiteties te leef in hierdie nuwe era, in die postmoderne anti-christelike nuwe Suid Afrika.

Dit is alleen moontlik en kan alleen maar gebeur deur God se genade.

### 5. Die deformasie in die GKSA

In hierdie gedeelte wil ek graag drie Sinodes van die GKSA noem wat belangrike koersveranderende besluite geneem het. Dit is die Sinodes van 1939, 1985 and 2003.

---

43 'n Term wat homself weerspreek.

44 Die hart van die Kerk.

45 Sommige probeer –myns insiens- tussen Dordtse outentieke Calvinisme en Arminianisme 'n middeweg skep deur voor te hou deur die verbondsleer teenoor die uitverkiesingsleer af te speel. Die soewereine genadige God se predestinasie /uitverkiesing is die basis en fondament van die verbond in die geskiedenis, maar sodra uitverkiesing en verbond so geskei (of onderskei) word dat dit daarop neerkom dat die mens se handelinge soewerein raak in die kwessie van wie aan die verbond behoort al dan nie, dan is dit verwerplik, want dan is ons weer op die glibberige pad van die 'growwe ketterye' van die Arminianisme.

46 *Ibid.*, p.284-286, beklemtonings bygevoeg – *red.*

47 Ek gaan nie ingaan op die hele saak van apartheid nie, maar kan lesers verwys na die kritiek vanuit bybelse perspektief en studies van Dr Mark R. Kreitzer oor Suid Afrika. Sommige daarvan kan gevind word op die Contra Mundum webtuiste: www.contramundum.com

48 Baie skole kan danksy die toegewyde werk van christelike personeel en 'n christelike betrokke ouerkorps, baie christelike invloed in die skole behou. Die vraag is egter: hoe lank nog, en is dit die bybels gereformeerde oplossing op die langtermyn?

49 In verband met roeping, het Totius hierdie uitstekende aanmerking gemaak in een van sy artikels: "Die Remonstrante het 'n keuse, die Gereformeerde het 'n roeping!"

*Sinode van 1939*

Soos hierbo genoem, was die Gereformeerde Kerk wat in die 17de eeu in die Kaap aangekom het, 'n Psalmsingende kerk. Hulle het artikel 69 van die Sinode van Dordt streng gevolg, wat leer dat 150 Psalms gesing moet word, saam met nog ses Skrifberymings (5 liedere wat in die Bybel opgeteken is en die Apostoliese Geloofsbelydenis)[50]. Enige ander gesange moes verwerp word. In 'n belangrike, insiggewende artikel wys Ds. LS Kruger, predikant emiritus van die GKSA, duidelik dat die kerkvaders van Dordt, wat die sinodes van Dordtrecht (1578), Middelburg (1581) en Dordrecht (1618/19) insluit, die naam Gesange gebruik het vir al die liedere wat nie deel was van die 150 Psalms nie, wat dus die Skrifberymings insluit, soos die lofprysing van Maria en van Simeon. Dit is ook belangrik om te let daarop dat die rede vir die insluiting van die ses Gesange (Skrifberymings) nie was om te dien as regverdiging vir die byvoeging van enige hoeveelheid Gesange nie, maar juis om die Gesange te beperk tot net daardie ses. Baie gelowiges het hierdie geskiedkundige agtergrond vergeet of het nog nooit daarvan gehoor nie.

Toe Ds. Postma gehelp het met die hervestiging van die Gereformeerde Kerk hier in Suid Afrika, het hy self hierdie verskuiwing gemaak toe hy gesê het dat liedere wat hulle teks vind in die Bybel is die beste en die veiligste, d.w.s. dat Psalms en Skrifberymings gesing kan word. Later het teoloë en historici hierdie verskuiwing van Postma weg van Dordt gebruik om die inbring van vele ander Skrifberymings te regverdig.

Ten spyte daarvan, was die GKSA tot 1939 hoofsaaklik 'n Psalmsingende kerk met die uitsondering van die genoemde vyf Skrifberymings en die Apostoliese Geloofsbelydenis. By die sinode van 1939 is besluit om 'n versameling van 'Enige Gesange' by te voeg by die Psalmboek, wat gelei het tot die byvoeging van die volgende sin by artikel 69: "Ander Skrifberymings wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat."

Wat was die rede vir die skielike begeerte om skrifberymings te sing eerder as Psalms? Mens kan hier net spekuleer, maar 'n moontlike leidraad kan gevind word in die handelinge van die Sinode van 1939, toe die sinode gevra het vir Skrifberymings, veral vir die christelike feesdae. Dit beteken dat artikel 67 (betreffende die feesdae), wat nooit deeglik bybels begrond is nie en wat maar verduur is deur die eeue, gevra het vir Skrifberymings en veral gesange. Bewustelik of onbewustelik, is daar geglo dat die Bybel nie voldoende was vir "die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word" nie (artikel 7, NGB), en deur feesdae in te stel soos Kersfees, wat die Bybel nie beveel nie (Heidelbergse Kategismus, v&a 96), het die kerke gevoel dat hulle liedere moet inbring om op te maak vir dit wat in die Skrif ontbreek. Gesange was dus nodig vir Kersfees en die ander feesdae.

Dit is my mening dat hierdie besluit wat deur groot Calvinistiese manne geneem is, bygedra het tot die krisis wat die GKSA in die gesig staar. Hoekom sou Psalms nie voldoende wees om te sing oor die heilsfeite van ons Here Jesus Christus nie? Kan dit wees dat selfs lank terug in 1939 teoloë en predikers begin twyfel het of die Psalms werklik Messiaans is en meer nog, as hulle was, messiaans genoeg was om voldoende te wees vir ***al*** ons erediens behoeftes? Die 2001 berymde Psalmboek bely openlik dat die Psalms nie Messiaans is nie (dit gebruik voetnotas om te verduidelik waarom dit so is, en noem bv. net dat Christus Ps.110 op Homself van toepassing maak). By die Sinode van 2003, en vandag, word die fondament gelê vir die sing van sogenaamde dogmatiese gesange, soos bv. Sondag 1, Vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus, ens. As die 150 Psalms nie voldoende is nie, dan is geen aantal liedere genoeg nie.[51]

Dit is duidelik dat ware deurgaande reformasie hier nodig is, om konsekwent terug te keer tot die sing van die 150 Psalms alleen, of die GKSA sal eindig deur sy hervestiging in 1859 te ontken. Dan sal ons moet bely teenoor die NG en NH kerke dat ons verkeerd was met die "kerklike apartheid" van die afgelope 140 jaar, in verband met hierdie saak.

*Sinode van 1985*

In 1933 het die Afrikaanse kerkmense die Bybel ontvang in hulle eie taal, vertaal uit die oorspronklike tale, later genoem die 'Ou Afrikaanse Vertaling' (OAV). Hierdie vertaling was 'n konkordante vertaling, in lyn met die *Statenvertaling* en die *King James Version*. In 1983 het Afrikaners 'n tweede vertaling ontvang, wat in groot omstredenheid gehul was en steeds is, genoemd die 'Nuwe Afrikaanse Vertaling'(NAV). Hierdie vertaling was heeltemal 'n ander vertaling as die OAV omdat dit 'n dinamies-ekwivalente vertaling is (sommige is van mening dat

---

[50] Vir die doel van hierdie artikel definiëer ek Skrifberymings as daardie liedere waarvan die teks net so in die Skrif gevind kan word byvoorbeeld die Onse Vader, die Tien Gebooie, die lofliedere van Maria en Simeon, ens. Gesange is daardie liedere waarvan die teks nie net so in die Skrif gevind kan word nie, maar wat gebaseer is op die waarhede in die Skrif in sy geheel.

[51] Dit kan beteken dat die GKSA kan eindig met 'n liedere boek soos die NG en NH kerke, wat meer as 600 gesange het om uit te kies. Net 150 van hierdie 602 liedere is Psalms, wat beteken dat die Psalms selde gesing sal word en as dit gesing word, dan is dit nie-Messiaanse Psalms!

dit eerliker is om te verwys na die vertaling as 'n parafrase) waarin die NA/UBS tekstradisie gebruik is. By die 1985 Sinode, het die GKSA besluit dat:

> Die Sinode beklemtoon dat die 1983-vertaling nie die 1933/53-vertaling in enige opsig vervang of uitfaseer nie. Die 1933/53- en die 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word.[52]

Plaaslike gemeentes en die teologiese skool het net op papier hierby gehou, omdat in die praktyk die OAV meestal nie gebruik word nie. Sommige van die kritiek teen die NAV is dat die dinamies ekwivalente vertalingsmetode onaanvaarbaar is in beginsel omdat dit nie getrou is aan die oorspronklike teks nie, dit verander die betekenis van die oorspronklike teks, die eenheid van die Skrif word aangetas; die Messias word nie erken in die OT nie; daar is geen duidelike onderskeid tussen die name waarmee God Homself openbaar nie; baie woorde word uitgelaat of ingevoeg, ens. Ten spyte van die kritiek, het die Sinode van 1988 die besluit van 1985 bevestig.

'n Studie van die boek van Prof. Jacob van Bruggen, *The Future of the Bible*, maak dit duidelik dat die dinamies ekwivalente vertalingsmetode, 'n nuwe siening van God, die mens en sy wêreld inbring. Hierdie vertaling konsentreer op die mens en moderne kommunikasie en nie op God en sy openbaring nie. Dit bring my tot die gevolgtrekking dat dit moontlik een van die redes is waarom lidmate van die GKSA vandag aan verskillende kante van die debat mekaar nie kan verstaan nie, al wil hul graag. 'n Geslag is verdeel oor die verskillende maniere om God se Woord te verstaan en die ou historiese reformasie terme word nie meer gebruik nie.

'n Nuwe vertaling het egter ook 'n nuwe liedboek nodig gehad ...

*Sinode van 2003*

By die Sindode van Januarie 2004 van die GKSA, het die kerk onder die wolk van heelwat besware teen baie besluite,[53] tog besluit om die veelbesproke nuwe psalmboek te aanvaar. In effek het dit nog 'n kerkskeuring in Suid Afrika veroorsaak. Die kritiek wat teen die nuwe psalmboek in gebring was, was beduidend (min of meer dieselfde bybelse en teologiese argumente as dié teen die NAV), maar die mees vernietigende en belangrike kritiek, was die belydenis van die hoofdigter van die nuwe psalms, prof. TT Cloete, 'n lidmaat van die NG Kerk. Hy het self gesê dat "Ps.110 is … volgens my teologiese raadgewers, volgens die NAV … nie 'n Messiaanse Psalm nie." (*Algemene Kerkbode*, 11-13 April, 2002). Elders het hy gesê dat "gebaseer op nuwe (teologiese - SLC) navorsing" hy messiaanse verwysings uit sekere van die Psalms weggelaat het. (*Rapport*, 4 November 2001). Ek het eendag self vir professor Cloete raakgeloop in die bank hier in Potchefstroom, en hy het mondelings hierdie sieninge aan my bevestig.

Sinode 2003 was 'n waterskeiding in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika. Miskien is dit die uitvloeisel of vrug van verskillende teologieë, wat verduur en geakkommodeer is deur die jare en dekades heen, dat by hierdie Sinode, die besluit om die vrou tot die amp van diaken, ook deurgedruk is. Ironies genoeg, en ek was 'n getuie by hierdie sitting van die Sinode, het die deelnemers aan die Sinode erken dat 'ons' nie duidelikheid het oor wat die Skrif leer oor die vrou in die diakenamp nie en dat meer studie gedoen moet word. ... Maar toe gaan die broeders tog voort en stem met 'n twee derde meerderheid om die vrou tot die amp van diaken toe te laat!

In die heel eerste uitgawe van die *Kerkblad* na die Sinode (29-01-2003), het die vorige (uitgaande) redakteur, Prof. GJC Jordaan (professor in NT, by die GKSA teologiese skool) gewaarsku teen die moontlike nuwe rigting van die GKSA. Hy het tereg genoem dat ons van die Skrif moet gaan na die praktyk en nie van die Praktyk na die Skrif nie. Hy het hierdeur in soveel woorde geïmpliseer dat die huidige krisis in die GKSA teruggebring kan word na verskillende Skrifbeskouings. Histories het die GKSA sterk gestaan by wat genoem word *openbaringshistoriese of heilshistoriese prediking*, en dit blyk nou dat dit besig is om deur 'n nuwe hermeneutiek vervang te word, of dat dit ten minste 'n staanplek naas dit verkry, 'n benadering wat genoem word 'n sosio historiese soort van prediking en verstaan van die Skrif.

Prof. Jordaan het verder gewaarsku teen die moontlike ekumeniese implikasies van die besluite van die Sinode van 2003. Hierdie besluite kan die kerk teruglei na die NG Kerk in Suid Afrika, die Christelik Gereformeerde Kerk in Noord Amerika en selfs heeltemal terug na die Gereformeerde Kerken in Nederland (waarmee die GKSA bande gebreek het in die 1970's, vanweë hulle liberalisme). In 'n negatiewe sin kan dit beteken dat die GKSA wegbeweeg van die Reformed Church van Nieu Zeeland, die Christelijke Gereformeerde Kerke in Nederland en die Christelijke Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt).

## 6. Vandag

---

[52] Handelinge van Sinode 1985, p.575,576.

[53] Sien die inleiding van hierdie reeks artikels.

Aan die begin van hierdie artikel het ek verwys na die opmerking van Prof. JH van Wyk aangaande die huidige situasie in die GKSA, nadat hy twee byeenkomste van lidmate van die bygewoon het (26 and 27 Oktober 2003). Om die geheue te verfris, herhaal ek wat hy gesê het:

> Dit beteken dat ons tans by die grootste meningverskil van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in sy 144-jarige bestaan uitgekom het. Die meningsverskil is onweerlegbaar, maar ons bede is dat die Here ons van 'n skeuring sal bewaar.

Om te bevestig wat hy gesê het, laat ek vir u 'n paar aanhalings gee van die sprekers wat by die eerste byeenkoms van daardie Saterdag deelgeneem het, wat teen die nuwe psalmboek en baie ander sake hulleself uitgespreek het:[54]

> *"Die tyd het helaas aangebreek waar daar onbetwisbare bewyse is dat daar binne een kerkverband met twee uitsluitende teologieë gewerk word"*
>
> *"Verwerping van die Nuwe Testamentiese gesag propageer reeds 'n ander Godsbeeld en 'n ander 'teologie' "*
>
> *"Met die invoering van die 2001-omdigting het die GKSA die eerste keer in die geskiedenis, bewustelik of onbewustelik, 'n onderliggende Skrifbeskouing, wat in sy wese afwyk van die gereformeerde belydenis, formeel aanvaar. Verskillende sinodebesluite is almal simptome van 'n dieperliggende probleem wat grotendeels met Skrifbeskouing verband hou. ... "*
>
> *"Die goedkeuring van die 2001-Psalmomdigting is die één grootste, offisiële daad van deformasie (kerkverval) in die geskiedenis van die GKSA. Die sinode het 'n keuse vir sowel 'n Skrifvreemde Skrifbeskouing as 'n ongereformeerde hermeneutiek gemaak."*
>
> *"Waar die kerklied van 1814 gelei het tot die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859, het die kerklied van 2001 gelei tot die opheffing van die identiteit van die Gereformeerde Kerke as verbreiders van die calvinistiese geloof."*

Die gevolg van die Sinode van 2003 is chaos en ontnugtering op gemeente vlak. Baie gemeentes gehoorsaam die besluite van die sinode en implementeer dit; ander verwerp dit totaal; en ander doen niks nie, hulle verwerp dit nie, maar pas dit ook nie toe nie. Dit sal nie verkeerd wees om te sê dat vandag, in die GKSA, "elkeen (doen) wat reg (is) in sy eie oë nie" (Rigt.21:25).

## 7. Die Toekoms

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die "*verskil in opinie*" nie net 'n verskil is van persoonlike opinies nie, maar verskille ten opsigte van leer, die erediens en kerklike tug (sien die Kerkorde, artikel 1). Hierdie verskille hou verband met ons siening van God, die Skrif en die Kerk. Dit is verskille wat raak aan die wese van artikel 27 tot 29 van die NGB. Prof. Van Wyk noem in sy artikel tereg dat beide waarheid en eenheid belangrik is en wys daarop dat:

> Indien 'n skeiding van weë moet plaasvind, moet met groot vrymoedigheid en beslistheid gesê kan word: **Daar** is die valse kerk (NGB art.28)!

Die volgende Sinode sal DV in 2006 wees. Ons kan aanvaar dat 'n hele klomp beswaarskrifte sal dien op die tafel van hierdie Sinode, vanweë die oorhaastige besluite wat geneem is op die Sinode van 2003, besluite wat geneem is – volgens sommige – met een oog op die wêreld en nie met beide oë op God en Sy Woord nie. Intussen kan 'n mens waarneem dat daar heelwat beweging plaasvind van lidmate, omdat lidmate hulleself groepeer rondom spesifieke leraars en plaaslike gemeentes. Nie 'n baie gesonde situasie vir 'n kerkverband wat elke Sondag bely 'Ek glo in een, heilige, algemene, Christelike Kerk' nie.

## 8. Dink ek dinge sal omkeer?

Natuurlik kan God enige iets doen volgens sy wil (Ps.135:6), maar ongelukkig met ek eerlik wees en met hartseer sê: "Ek dink nie so nie". Saam met Prof. van Wyk, bid alle ware Doppers vir eenheid en dat kerkskeuring nie moet plaasvind nie. Maar ons bid ook vir skuldbelydenis en ommekeer, terug na God se Woord in leer en in praktyk in ons kerke. Ons eenheid in Christus is gebou op die Waarheid van God se Woord, en moet behoue bly op daardie fondament (John 17:17; 1 Tim.3:16). Die Sinode van 2003 het, te midde van duidelike waarskuwings van getroue broeders, hulleself verhard, en die weg gekies van deformasie en sal – as God nie bekering skenk nie – daarmee voortgaan. Sommige beswaarde broeders verwag dat die volgende stap sal wees om al die ampte oop te

[54] *Waarheid en Dwaling* tydskrif, Nov-Des 2003.

stel vir die vrou, en daarna, wie weet? Die verwerping deur die streeksinodes van voorstelle vir verdere besprekings by 'n spesiale sinode (artikel 47) bevestig hierdie vermoede.

Wat is die oplossing? Niks nuuts nie. Net 'n opregte berou en gebed dat die Drie-Enige God ons genadig sal wees en red in hierdie tyd. Ons moet bid dat die Here, deur sy genade weer predikers sal stuur 'na sy hart' (Jer.3:15); leraars wat die kudde weer kan teruglei na God se Woord; die verkondiging van die redding in Christus alleen; die inrig van die erediens volgens die Skrif; die toepassing van die kerklike tug in liefde; die opleiding van ouderlinge in die Skrif, belydenis en kerkorde; die verkondiging van die Evangelie aan die mense in Suid Afrika; sendingwerk, barmhartigheidswerk, ens. Ons troos is die troos van die uitverkore Kerk, dat:

> ... hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het—soos die Here vir Hom in die gevaarlike tyd van Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baÿaul gekniel het nie (NGB, art.27).

Ons moet die les van die geskiedenis leer. Reeds in die 1950's, het ds. LS Kruger die volgende waarskuwing gerig aan ons as gereformeerde gelowiges:

> Dit help niks vir die sinode van 'n kerk om te sê dat hy byvoorbeeld die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar en sy predikante aanvaar dit nie ten volle nie. Dit help ook niks om elke dag op die hoeke van die strate uit te roep dat jou leer Gereformeerd is maar in die praktyk van die lewe word die essensiële leerstukke van daardie belydenis, soos byvoorbeeld die predestinasieleer en die verbondsgedagte verwater; die prediking in die kerk as Woordverkondiging word verwater tot 'n storieboek; die sakramente word willekeurig (bedien); en, in stede van Gods Verbondsgedagte te verkondig, word daar verval in sektariese bekeringsveldtogte wat maak asof (daar) geen Verbond en geen Verbondsgenade is nie.[55]

**9. Is daar dan enige hoop?**

Vir hulle wat glo in die soewereine en genadige God van die verbond is daar altyd hoop, omdat Christus gesê het: "... en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." (Mat.16:18). Ons hoop is op Hom, en nie op die arminiaanse mens wat homself aanbid nie. Saam bid ons die gebed van die Onse Vader "Laat U Koninkryk kom", soos verduidelik in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 48, ook vir die gereformeerde kerke hier in Suid Afrika:

> Vraag 123: Wat is die tweede bede ? Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.

Prof. Dr HG Stoker het die volgende uitspraak gemaak in die helfte van die 20e eeu:

> Nieteenstaande hierdie agteruitgang glo ek nog dat daar 'n kern van ons volk is wat aan sy verlede ten volle trou bly en in die regte rigting voortbou. Ek glo nog dat daar 'n tyd sal kom waarin God ons volk sal wakker skud tot 'n stryd wat die so nodige ***antitese*** sal skep en die toegedekte antitese, die dubbelslagtige en dubbelhartige karakter van die sinkretisme, sal ontbloot en daardeur vernietig – ***'n stryd wat noodwendig op kerklike en godsdienstige terrein sal moet begin*** (en meer spesifiek, by Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus – red.) omdat die Calvinisme die geestelike wortel van ons volksbestaan is.[56]

En dit is moontlik alleen deur die getroue prediking van en onderrig in die Evangelie van God deur Jesus Christus, wat erken dat daar net een soewereine genade is vir sy volk, en nie so iets soos 'n algemene genade vir alle mense nie. Dit is hierdie leer –die algemene genadeleer- wat gehelp het om 'n brug van die kerk na die wêreld te bou, om liberalisme en metodisme die kerk in te bring en daardeur die kerk meer wêrelds en minder heilig te maak.[57] Mag Hy, deur Sy onweerstaanbare genade, voortgaan om sy Kerk te vergader uit elke 'stam en taal, volk en nasie' (Op.5:9b), ook deur die GKSA, met haar oorspronklike roeping in gedagte wat gevestig is in die Skrif (Hand.1:6; Mat.28:16-20):

> … Ons is hier om die wet te handhaaf, en, indien moontlik, U ware gereformeerde Christelike Leer hier te plant en te versprei ...[58]

---

[55] LS Kruger, *ibid*., p.17.

[56] *Oorsprong en Rigting*, deel 1 (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1967), p.335.

[57] 'n Studie moet gedoen word oor hoeveel die leer oor die algemene genade teoloë, leraars en kerke in Suid Afrika beïnvloed het.

[58] J.D. Vorster, *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie* (Potchefstroom: Pro Rege, 1956), p.12.